



Die Voortrekkers

Transvaalse Voortrekkers

OOSTELIKE PENKOP- EN DRAWWERTJIEKAMP 2021

KAMPLEIER MELLANIE WRIGHT : 084 767 4608
: Posbus 1701, Hoedspruit 1380
: hoedspruitvoortrekkers@webmail.co.za
: opdkamp@gmail.com
KAMP ADMIN: Elbie J v Vuuren : 0646537253
: opdkamp@gmail.com



Tema: "OP KOERS"

**Die inligting is vir die kommandobestuur.
Maak asseblief seker dat almal deur die kommando ingeskryf word.**

TYDPERK:

Saterdag 10 Julie 2021 – Registrasie vanaf 8:00 en opening stiptelik om 10:00 tot Donderdag 15 Julie 2021 om 12:00.

PLEK: Voortrekkerplaas, Hartbeesfontein

ALGEMENE VEREISTES:

Dit is OPD se 32^{ste} kamp en 7de op Hartbeesfontein.

1. **Elke groep van 6 kinders moet vergesel wees van ten minste een diensdoenende offisier, ouer of heemraadslid.** (Graad 1 en 2 vergesel deur ouers) Indien dit nodig sou wees, sal kinders wat nie van 'n offisier vergesel word nie, se inskrywing gekanselleer word. **Dit is om te verseker dat ons kwaliteit aandag aan elke jeuglid kan gee.**

LET WEL:

- **Kinders wat verkoue simptome en koors het moet asseblief nie kamp nie.** Indien 'n kind tydens die kamp verkoue simptome ontwikkel en koors kry, sal die ouers onmiddellik gekontak word. Verblyf sal terugbetaal word indien 'n kind moet kanselleer weens Covid-19.
- **Alle diensdoenende volwassenes** sluit in offisiere, ouers of heemraadslede en moet

bereid wees om diens te doen tydens die kamp soos kursus aanbiedings, wagstaan, badkamerdiens, help met die algemene kampdissipline, ens.

- Ons benodig diensdoenende volwassenes by Ruiterskuns wat sal help met die dissipline, toesighouding, kinders op perde help, ens.
2. Kommando's moet verseker dat die kursus waarvoor die kind inskryf, die korrekte een is.
Geen kind mag 'n spesialisasie bo hulle skoolgraad doen nie, tensy die kind sy skoolgraad gedruip het.
Kommando's moet ook asseblief seker maak dat die ouers en kinders die vereistes van die spesialisasies verstaan. Veral Ruiterskuns – die kinders gaan leer om perd te ry en nie net teorie ontvang nie.
 3. Elke kind moet asseblief 'n pakkie koekies met vulsel en twee rolle toilet papier saambring wat ingehandig word tydens registrasie.
 4. **Geen** selfone word op die kamp toegelaat nie, indien 'n kind 'n selfoon saambring sal dit ingehandig word met registrasie en weer uitgedeel word aan die einde van die kamp. Of die foon gaan saam met die ouers huis toe
Die kampbestuur aanvaar **Geen** verantwoordelikheid vir selfone of waardevolle items wat wegraak of beskadig word nie.
 5. Daar sal 'n snoepie op die kamp wees. **R30** per dag is voldoende.
 6. Volwassenes bring vir jouself 'n lekker stoel saam om op te sit, asook beskuit en enige musiekinstrument.
 7. Volwassenes bring eie tente / woonwaens indien moontlik.
 8. 'n Spesiale program word gereël vir die Jakkalsies (kleuters) van offisiere en ouers wat die kamp bywoon indien daar genoeg kinders is om hulle apart te vermaak.
 9. **By kansellasië korter as twee weke sal die volle kampgeld verbeur word.**
Uitruilings sal oorweeg word.
 10. **'n Boete sal gehef word vir laat inskrywing, R20 per dag na sluitingsdatum.**
 11. Die volgende inskrywingsdokumentasie word hierby aangeheg:
 - a. Vorm "A" vir Jeuglede;
 - b. Vorm "B" vir Volwasse lede;
 - d. Vorm "C" Naamlyk volgens kursusse.
 12. Almal moet 'n Vrywaringsvorm voltooi. (L10 of L11)
 13. Stuur opsomming na OPD admin teen sluitingsdatum. Bring oorspronklike vorms kamp toe. Dui asb alle medikasie en probleme so volledig soos moontlik op opsomming aan.
 14. **OPD T-Hemde**
T-Hemde sal teen **R120.00** (kinder-groottes) of **R130.00** (volwasse groottes) per T-hemp beskikbaar wees. Die bestelling moet saam met die inskrywing ingestuur word. **Geen T-Hemp bestellings sal na 17 Junie 2021 aanvaar word nie.**
Neem mate soos volg: Meet deur die hempie op 'n plat oppervlak te lê en dan onder die mou na die ander mou te meet. Maak seker van die korrekte grootte T-hemp.
 15. Kampgeld moet deur die **kommando betaal** word in die volgende rekening:

(Meld asb Kommando naam as verwysing). Bank besonderhede soos volg:

“Tvl Voortrekkers – Oostelike PD kamp”

FNB, Hoedspruit, Takkode: 270652

Rek no: 6215186 8232

Kommandos moet gelde inbetaal in die Bankrekening, daarna moet die deposito strokie asb aan ons gefaks word.

MAAK ASB. SEKER DIE T-HEMDE SE GELD IS INGESLUIT BY DIE KAMPSELDE.

16. **BRING ASB JOU ERKENNINGSBAADJIE SAAM – VERPLIGTEND vir alle jeuglede en volwasse lede.**

Maak asseblief voor die kamp seker die kinders het die **korrekte warm drag** wat volgens die voorskrifte van **Die Voortrekkers** is.

17. LW: Niemand mag die kamp verlaat voor 12:00 op Donderdag 15 Julie 2021 nie. Die erkenning van die kampbywoning sal verbeur word. Spesialisasies wat nie afgehandel is nie, sal ook nie erkenning kry nie. Die kommando sal ingelig word watter afdelings nie gedoen is nie. Die kommando is dan verantwoordelik om die deel af te handel en self die kenteken toe te ken.

KURSUSSE EN KAMPSELDE:

OPD kampraad onderneem om alle nodige Covid-19 maatreëls tydens die kamp toe te pas. Streng higiëne in die badkamers.

WIE	KOSTE	KURSUSSE	
Graad 1	R690.00	Spele	
Graad 2	R690.00	Knope	
Graad 3	R690.00	Toeka	
Graad 4	R690.00	Anglo Boereoorlog	
Graad 5	R690.00	Kampering	
Graad 6	R800.00	Ruiterkuns	
Graad 6 en 7	R690.00	Staptogte	
Graad 6 en 7	R690.00	Sterrekunde	
Graad 7	R690.00	Afrikanerkind	
Kleuters (Jakkalsies) <small>vergesel deur ouers</small>	R500.00	Jakkalsies	
Offisiere/Staatmakers	R590.00	Alle hulp offisiere, heemraadslede en ouers	
Verkenners <small>(vergesel deur ouers)</small>	R690.00	Help by Ruiterkuns	

SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: 17 Junie 2021.

'n Brief met die benodighede vir elke kursus sal later aan u gestuur word.


E-POS ASSEBLIEF SLEGS DIE OPSOMMING EN VERSEKER DAT DIE NODIGE INLIGTING BETYDS IS. Dit verseker dat ons die kinders se kursusinligting het voor die kamp om die nodige beplanning te doen.

Geen geskandeerde vorms word aanvaar nie.

Alle inskrywingsvorme moet ASSEBLIEF by die kamp ingehandig word tydens registrasie.

Indien daar nuwe inskrywings bygevoeg word na opsomming deurgestuur is, vul 'n nuwe opsomming in en merk nuwe inskrywings langs kommandonaam.

OPD Groete



**MELLANIE WRIGHT
KAMPLEIER**

